

DISSIPELSKAP. LES 14

1	GEBED
---	-------

Bid vir die leiding van die Gees van God, vir 'n bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking toe aan die Here.

2	DEEL (20 minute) <i>[STILTETYE]</i> JOHANNES 18:28 – 21:25
---	---

Maak beurte en **deel/vertel kortliks (of lees)** van jou notas wat jy geleer het uit een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes (Johannes 18:28 – 21:25). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie bespreek wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (20 minute) <i>[DIE NUWE LEWE IN CHRISTUS]</i> 2 KORINTIËRS 5:17
---	--

Die tweede reeks B memoriseringsverse word genoem: "Die nuwe lewe in Christus". Die vyf temas is:

1. Christus. 2 Korintiërs 5:17
2. Die Woord. Matteus 4:4
3. Gebed. Johannes 15:7
4. Gemeenskap. 1 Johannes 1:7
5. Getuig. Matteus 10:32

A. MEDITASIE (oor 'n Bybelgedeelte)

Skryf die memoriseringsvers as volg op die bord. Skryf die teksverwysing ook aan die onderkant en agterkant van jou memoriseringskaartjie.

(1)

Christus 2 Korintiërs 5:17
Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. 2 Korintiërs 5:17

2 Korintiërs 5:17

1. In watter opsig het Paulus se verhouding tot Christus verander?

Voordat Paulus 'n apostel geword het, was hy 'n fanatieke Fariseër. Sy kennis van Jesus Christus was alleen maar "volgens menslike maatstaf beoordeel" (vers 16). Die wêreld beoordeel mense volgens hulle uiterlike voorkoms en nie na hulle egte innerlike wese nie. Omdat Jesus 'n skrynerker was, verwerp hulle Hom as leraar. Omdat Hy nie opgelei was in 'n rabbynse skool nie, het hulle neergesien op sy wysheid. Omdat Hy 'n vriend was van sondaars en tollenaars (Lukas 7:34), het hulle Hom ook beskou as 'n "sondaar". Daarom het Jesus ook vir die Fariseërs gesê, "Julle weet nie waar Ek vandaan kom of waarheen Ek gaan nie. Julle oordeel oor iemand volgens sy uiterlike" (Johannes 8:14-15). Vandag oordeel ander godsdienste in die wêreld Jesus Christus ook "volgens sy uiterlike". Maar by sy bekering het Paulus met Jesus persoonlik te doen gekry (Handelinge 26:12-18). Van toe af het Paulus Jesus nie langer volgens die uiterlike geoordeel nie.

2. Wat beteken: "in Christus" wees (NAV aan Christus behoort)?

Daar is eintlik net twee soorte mense: mense wat "in Christus" is, d.w.s. opnuut gebore is en mense wat "in die wêreld" is, d.w.s. nog nie opnuut gebore is nie. Die groot vraag is dus, watter soort mens is jy? Is jy opnuut gebore (Johannes 3:7)? Is jy seker van jouself dat Jesus Christus in jou is (2 Korintiërs 13:5)? Is jy 'n nuwe skepping? Is die ou dinge verby? Het die nuwe gekom? Dis waarvan 2 Korintiërs 5:17 praat!

Die manier om "in Christus" te kom, is deur te glo dat Jesus Christus *vir jou* gesterf het en uit die dood opgestaan het. Hierdie *geloof verenig 'n gelowige met Christus*. Die uitdrukking "in Christus" is die bondigste beskrywing van verlossing. Dis die kortste samevatting van die onuitputlike rykdom om 'n Christen te wees. Wie Jesus Christus is en wat Jesus Christus gedoen het, het die mees ingrypende gevolge vir wie jy is en wat jy word.

Voorbeelde.

- Omdat Jesus Christus gesterf het, sterf jou ou mens ook. Omdat Jesus Christus die straf vir al jou sondes op Hom geneem het, is jy volkome vergewe, is jy heeltemal regverdig verklaar en sal jy nooit veroordeel word nie!
- Omdat Jesus Christus opgewek is, is jou menslike gees ook opgewek uit die geestelike dood (jy is heeltemal lewend gemaak) en sal jou menslike liggaam by die wederkoms van Christus ook uit die liggaamlike dood opstaan.
- Omdat Jesus Christus die enigste Persoon is in Wie God 'n behae skep, het God ook jou in Hom aangeneem en is Hy bly en tevrede met jou.
- Omdat Jesus Christus die duiwel vasgebind het (Openbaring 20:2), is jy in staat om die duiwel te weerstaan (Jakobus 4:7) en ook in staat om saam met Christus ander mense uit die heerskappy van die duiwel weg te ruk en oor te bring na die Koninkryk van sy Seun (Kolossense 1:13).
- Omdat Jesus Christus die Waarheid is, ken jy ook die waarheid oor God, oor ander mense, oor die wêreld, oor jouself en oor die toekoms.
- Omdat Jesus Christus die Erfgenaam is, is jy die mede-erfgenaam en deel in die erfenis, d.w.s. die nuwe hemel en die nuwe aarde.
- Omdat Jesus Christus die Koning is, sal jy saam met Hom oor die nuwe aarde heers.

Elke mens op aarde kán “in Christus” kom, as hy wil. Al wat hy moet doen, is om te glo in Jesus Christus en homself aan Hom oorgee. Jou geloof in sý dood is die basis vir die vergewing van jou sondes en jou geloof in sý opstanding is die basis vir jou nuwe lewe!

3. Watter ou dinge is verby?

Die nuwe skepping word gekenmerk deur die ou dinge wat *vir eens en vir altyd op 'n beslissende moment* (Grieks: aoristus tyd) verbygegaan het, naamlik by jou wedergeboorte. Die dinge wat verby is, is die ou vooroordele, diskriminasie, misverstande en verslawings van 'n mens wat nog nie 'n Christen is nie. Jesus Christus het vir die sondes van gelowiges gesterf (1 Petrus 2:24) en daarom is elke opregte Christen “'n nuwe skepping”.

- As “nuwe skepping” leef hierdie Christen nie langer vir homself nie, maar vir Jesus Christus wat vir hom gesterf het (2 Korintiërs 5:15). M.a.w. Sy verhouding tot homself het verander!
- Hy beskou Jesus Christus nie langer volgens menslike maatstawwe nie (2 Korintiërs 5:16). Sy verhouding tot Christus het dus verander.
- Én hy beoordeel mense nie langer volgens die maatstawwe van die wêreld nie (2 Korintiërs 5:16). Sy verhouding tot ander mense het nou ook verander.

4. Watter nuwe dinge het gekom?

Die nuwe skepping word gekenmerk deur die ou dinge wat nuut geword het *en vir altyd nuut bly* (Grieks: voltooide teenwoordige tyd). Die nuwe van God se nuwe skepping is nie soos die nuwe dinge wat ons koop wat dan met die tyd verweer, verslyt en uit die mode raak nie. Die nuwe skepping verwelk of bederf nooit, maar bly onverganklik (1 Petrus 1:3-4). Dit bly vir ewig splinternuut! Hoe fantasties is die nuwe lewe in Jesus Christus nie!

- Die Christen probeer nie langer om die Wet te onderhou nie (Galasiërs 6:14-15), maar leef uit God se genade (Johannes 1:16-17).
- Die Christen leef 'n regverdige lewe in sy verhoudings tot ander mense en 'n heilige lewe in sy verhouding tot God (Efesiërs 4:24).
- Die Christen leef sy lewe in ooreenstemming met God se plan en doen die goeie werke wat God vir hom voorberei het (Efesiërs 2:10).

B. MEMORISERING EN HERSIENING

1. Skrif die Bybelvers op 'n skoon kaartjie of op 'n bladsy van jou klein notaboekie.
2. Memoriseer die Bybelvers op die regte manier. Christus. 2 Korintiërs 5:17.
3. Repeteer. Verdeel in groepies van twee en gaan mekaar se laaste Bybelverse vir memorisering na.

4	BYBELSTUDIE (70 minute) <i>[VERHOUDINGS]</i> DIE FONDAMENT VIR ALLE VERHOUDINGS. 1 KORINTIËRS 13:1-13
---	--

Maak gebruik van die vyf stappe metode en doen saam Bybelstudie uit 1 Korintiërs 13:1-13.

STAP 1. LEES. Lees. KOM ONS LEES 1 Korintiërs 13:1-13 saam. Lees elkeen een versie totdat die hele gedeelte klaar gelees is.	GOD SE WOORD
--	---------------------

STAP 2. ONTDEK.

WAARNEMINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEID IN HIERDIE SKRIFGEDEELTE IS VIR JOU BELANGRIK?
Of WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK JOU GEDAGTES OF JOU HART?

Teken aan. Ontdek een of twee waarhede wat jy verstaan. Dink daaroor na en skryf jou gedagtes in jou notaboek.

Deel. (Nadat die groeplede omtrent twee minute tyd gehad het om na te dink en te skryf, laat almal deel wat hulle ontdek het). Kom ons gee elkeen 'n kans om met die ander te deel.

(Die volgende is voorbeelde van ontdekkings wat mense deel. Onthou dat elke kleingroep se lede dinge sal deel wat nie noodwendig dieselfde gaan wees as wat hier volg nie.)

13:1-3

Ontdekking 1. Die liefde in vergelyking met wêreldse strewes.

Die liefde word gekontrasteer met sewe dinge wat baie belangrik is vir mense in die wêreld (insluitend wêreldse Christene): (1) die spreek in tale, (2) profeteer, (3) geheime uitlê, (4) alle kennis besit, (5) 'n groot geloof in die openbaar demonstreer, (6) besittings aan die armes gee en (7) jou lewe opoffer in martelaarskap.

Maar as ek al hierdie dinge doen, maar geen liefde het nie, dan sou dit my niks baat nie! Dan kan ek niks van ewigheidswaarde bereik nie! As ek baie goed kan praat en ek sou die gedagtes en harte van mense kon raak, maar ek het nie liefde nie, sou ek niks meer as 'n klinkende metaal of 'n galmende simbaal wees en niemand daarmee oortuig nie! As ek al my besittings sou weggee aan armes en ek het nie liefde nie, dan sou ek alleen maar besig wees om my skuldige gewete te sus of selfs toelaat dat hulle ellende vir my 'n lekker gevoel gee. En as ek 'n Christenwerker is wat groot persoonlike offers bring, selfs onder moeilike omstandighede en vervolgings, maar ek het nie liefde nie, sou al my offers heeltemal tevergeefs wees.

13:8-13

Ontdekking 2. Die liefde is die grootste gawe.

Die liefde is die grootste gawe, omdat dit vir ewig bly! Die liefde vergaan nooit nie! Dit hou nooit op nie! Al die ander dinge wat mense in die wêreld (wêreldse Christene ingesluit) so belangrik vind sal ophou. Wanneer profesieë in vervulling gaan, hou hulle op om iets te sê. Vervulde profesieë het niks meer te sê nie. Tale en die tale van engele sal ophou om te bestaan. Selfs die taal waarin 1 Korintiërs geskryf was (die klassieke Grieks) word vandag nêrens meer in die wêreld gepraat nie. Die moderne mens het 'n baie hoë dunk van "kennis", sodat hy tussen 12 en 20 jaar lank onderrig word en baie tyd spandeer aan boeke, koerante en die TV, om maar net "kennis" te versamel. En tog vergaan "kennis", want die koerante van gister word verbrand en die wetenskaplike boeke van gister is môre verouderd en word as afvalpapier verkoop.

Maar Paulus het dit hier veral oor die drie genadegawes van die spreek in tale, van profesie en van kennis verkry deur 'n openbaring. Hierdie genadegawes se nut sal verbygaan in die verre toekoms wanneer Christus weer kom om die absolute volmaaktheid te vestig (1 Korintiërs 13:8-10). Of hulle sal verbygaan in die nabye toekoms wanneer Christene ontwikkel tot geestelike volwassenheid (1 Korintiërs 13:11). Paulus kon nog baie meer voorbeelde gee. Hy praat nie eens oor geld, sukses, mag, posisie en roem nie. Hy sê nie dat al hierdie dinge verkeerd is nie, maar wel dat hulle verby sal gaan. Die onsterflike gees van die mens behoort hom besig te hou met onsterflike dinge en nie met dinge wat verbygaan nie! Nêr drie dinge is heeltemal onsterflik: geloof, hoop en liefde. En die liefde is die grootste, omdat God liefde is!

STAP 3. VRA.

UITLEG

Oorweeg. WATTER VRAAG OOR ENIGE IETS IN HIERDIE GEDEELTE SOU JY VIR DIE GROEP WOU VRA?
Kom ons probeer al die waarhede in 1 Korintiërs 13:1-13 verstaan en vra vrae oor die dinge wat ons nog nie verstaan nie.

Teken aan. Formuleer jou vraag so duidelik as moontlik. Skryf dan jou vraag in jou notaboek.

Deel. (Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en skryf, laat elke persoon eers sy vraag deel.)

Bespreek. (Kies dan 'n paar van hierdie vrae en probeer hulle beantwoord deur hulle saam in die groep te bespreek.)
(Die volgende is voorbeelde van vrae wat studente vra en notas oor die bespreking van die vrae.)

13:4

Vraag 1. Wat beteken: "die liefde is geduldig?"

Aantekening. Geduld is die liefde wat kan wag. Dis die liefde wat kan wag om op te tree. Geduld is die eerste kenmerk van die liefde wat genoem word, omdat die liefde meestal met geduld begin. Die liefde dring nooit vriendelikheid aan 'n ander op nie. Dit storm nie sommer binne om oor te gaan tot aksie nie, maar kan wag totdat God die liefde in die ander wakkermaak om te reageer (kyk ook Hooglied 2:7; 3:5). Geduld is die teuels wat God gebruik om die uitdrukkings van liefde te beheers. Die liefde wag dat God 'n saak uitwerk in mense en in omstandighede. Terwyl die liefde wag, druk dit homself uit in die pragtige sieraad van 'n sagmoedige en stille gees. Geduld verdra moeilikhede soos provokasie, pyn en swakheid van mense, sonder om geïrriteerd, ontmoedig of kwaad te word.

13:4

Vraag 2. Wat beteken: "die liefde is vriendelik"?

Aantekening. Vriendelikheid is die liefde wat optree. Dit is die liefde wat inisiatief neem om te handel. Vriendelikheid soek na maniere om iemand te help en 'n goeie daad te verrig. Die Bybel vertel hoe Jesus deur die land getrek het as die weldoener (Handelinge 10:38). Hy't siekes genees, mense wat in die mag van die duiwel was gehelp en het die goeie nuus aan die armes verkondig (Matteüs 11:4-5). Vriendelikheid is vol goedheid, fatsoenlik en beskaafd in plaas van krities en weersinwekkend. Jy kan nie vir elkeen 'n vriend wees nie, maar jy kan wel vriendelik wees teenoor almal (Filippense 4:5). Vriendelikheid laat nie 'n kans verbygaan om die belange van ander te soek nie (1 Korintiërs 10:33). Iemand het gesê, "Ek gaan net eenmaal deur hierdie wêreld. Laat ek daarom goed doen en hulpvaardig wees teenoor elke mens waarmee ek te doen kry. Laat ek dit daarom nou doen en nie uitstel nie, want dalk gaan ek nooit weer met hierdie pad langs kom nie."

13:4

Vraag 3. Wat beteken: "die liefde is nie afgunstig/jaloers nie"?

Aantekening. Die liefde wat nie jaloers is nie, is gul (rojaal, oorfloedig). Dit is die liefde wat nie in kompetisie is met andere nie. Wanneer jy ook al iets goeds doen, sal jy ontdek dat daar altyd iemand anders is wat dieselfde ding beter as jy kan doen. Wees dus nie afgunstig op mense wat dinge beter as jy kan doen nie. Afguns is 'n gees van kwaadwilligheid (jaloesie) teenoor mense in dieselfde bedryfstak as jy. Dit is om te vat wat andere toekom, byvoorbeeld om die erkenning en eer te steel wat hulle verdien. Hierdie gulhartigheid is dus om tevrede en dankbaar te wees vir wie jyself is, vir wat jy besit en waar jy presteer. Gulhartigheid beteken om nie afgunstig te wees oor wie die ander is, wat hy besit of waarin hy presteer nie, maar te waardeer wie die ander is, wat hy besit en wat hy kan regkry.

13:4

Vraag 4. Wat beteken: "die liefde is nie grootpraterig nie"?

Aantekening. Die liefde wat nie grootpraat nie, is beskeie. Dít is die liefde nádat jy gehandel het. Dis die liefde nadat jy geduldig, vriendelik of rojaal was. Hy hou sy mond en vergeet waar hyself gepresteer het. Hy't 'n beskeie mening oor homself, wat hy verdien en oor sy prestasies. Hy oordryf nie oor wat hy presteer het nie. Beskeidenheid vestig nie die aandag op homself nie.

13:4

Vraag 5. Wat beteken: "die liefde is nie verwaand nie" (NLV nie vol van homself nie)?

Aantekening. Die liefde wat nie trots is nie, is nederig. Dít is die liefde vóórdat jy gaan optree. Hy loop nie te koop met sy sterkpunte, byvoorbeeld sy kennis of vaardighede nie. Hy steek ook nie sy swakpunte weg nie, maar bly deursigtig eerlik. Hy is realisties oor homself en wat hy wel kán en nie kan doen nie. Hy doen hom nie voor as 'n gewigtige en belangrike persoon nie. Hy is nie aanmatigend op 'n arrogante manier nie. Hy domineer of verkleineer andere nooit nie. Hy probeer ook nie om andere te beïndruk nie. Hy hou hom nie besig met aanstellery en grootpraat nie. Nederigheid is nie opgeblase oor sy eie belangrikheid, vermoëns, besittings of prestasies nie.

13:5

Vraag 6. Wat beteken: "die liefde handel nie onweloweglik nie" (NLV tree nie onwaardig op nie)?

Aantekening. Die liefde wat nie onbeskaafd (taktloos, grof) is nie, is hoflik (beleefd). Dit is die liefde in verhoudings en kommunikasie (sosiale verhoudings). Hy gedra hom nooit lomp of onbeleefd nie. Hy't goeie maniere onder alle omstandighede. Hy is taktvol, beleefd, vriendelik, bedagsaam, oplettend en simpatiek. Hy bly gevoelig teenoor 'n ander se kultuur, waardes en gebruike. Hy is bedagsaam en hou rekening met die gevoelens en nood van die ander. Beleefdheid is die paspoort wat jou in staat stel om met alle soorte mense om te gaan.

13:5

Vraag 7. Wat beteken: "die liefde soek nie sy eie belang nie" (NLV stel nie sy eie belange voorop nie)?

Aantekening. Die liefde wat homself en sy eie belange nie voorop stel nie, is onselfsugtig (onbaatsugtig). Dit is die liefde by die uitoefening van regte. Hy staan nie op sy vermeende (veronderstelde) regte nie, maar is wel bewus van al sy voorregte. Hy soek nie groot dinge vir homself nie, want daar is geen grootheid in dinge nie, maar nét in God. Hy jaag nie sy eie belang of selfsugtige ambisie (soos posisie, mag, roem, eer, besittings of plesier) na nie, maar soek bowenal om God se Koninkryk en belange te bevorder. Hy hou nie sy eie voordeel voor oë nie. Hy misbruik nooit 'n ander mens nie. Mense in die wêreld jaag na geluk en dink dat geluk skuil in die wen van 'n lotery, in materiële dinge en in die verkryging van wat hulle wil hê. Maar egte vreugde is alleen te vinde in gee en dien. Jesus het gesê, "Elkeen

wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; en elkeen wat onder julle die eerste wil wees, moet julle slaaf wees.” (Matteus 20:26-27).

13:5

Vraag 8. Wat beteken: “die liefde is nie liggeraak nie/ word nie verbitterd nie”?

Aantekening. Die liefde wat hom nie laat kwaad maak nie, is sagmoedig. Dit is die liefde in jou temperament (onderliggende gemoedsgesteldheid). Niks in die menslike natuur is so vernietigend as ’n slegte humeur nie. ’n Driftige mens of ’n mens met ’n slegte humeur breek alles af: verhoudings, families, gemeentes en buurte. Dit laat huwelike, vriendskappe en buurmanskap verwelk. Dit is die grootste mag wat ellende vir mense veroorsaak. ’n Slegte humeur bestaan uit liggeraaktheid, irritasie, boosheid, wreedheid, wrewel, haat, bitterheid, trots, koppigheid en swarmoedigheid. ’n Slegte humeur is meestal ’n simptoom van ’n dieperliggende kwaad, van ’n onopgeloste probleem of van iets wat besig is om daar binne te verrot en gewoonlik in ’n onbewaakte oomblik ontvlam of oopbars. Dit openbaar ’n hart wat nog nie verander en oorgegee is nie. Alleenlik as jy al die kamers van jou lewe vir Jesus Christus oopmaak, sal liefde in jou binneste vloei en sal Hy jou humeur en temperament verander. ’n Sagmoedige persoon raak nie gou gekwets nie, het nie lang tone nie, voel nie gou op sy tone getrap nie, maar onderwerp hom gewilliglik aan die wonde wat mense of omstandighede veroorsaak. ’n Sagmoedige persoon word nie gou aangehits om negatief te reageer nie en neem nie maklik dinge wat andere sê en doen, as persoonlike aanvalle op nie.

13:5

Vraag 9. Wat beteken: “die liefde hou nie boek van die kwaad nie”?

Aantekening. Die liefde wat die kwaad nie toereken nie, is vergewensgesind. Dis die liefde wat gebroke verhoudings herstel. Sommige mense maak ’n lang lys van al die onreg wat andere hulle aangedoen het. Hulle gee gereeld uiting aan hul wrewel, verdedig hulle eiegeregtigheid en probeer hard om ander mense hul kant te laat kies teen die ander party. Hierdie mense is verbitterd. Hebreërs 12:15 waarsku dat verbitterde mense giftige kieme saai en baie mense besmet. Hulle saai wantroue teen andere, breek verhoudings en besoedel die atmosfeer met hulle skinderpraatjies, valse gerugte en laster (ontereg kwaad van iemand spreek). Alleen die liefde van God kan hierdie siek toestand genees. Alleen as so ’n mens beseft dat God al sy sondes kan vergewe en dan nooit meer oor sy sondes sal praat nie (Hebreërs 8:12), kan hy ook ’n ander vergewe en nie meer oor die ander se sondes praat nie. Die liefde reken die kwaad nie toe nie en haal ook nie ou koeie uit die sloot nie.

13:6

Vraag 10. Wat beteken: “die liefde verbly hom nie oor die onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid”?

Aantekening. Die liefde wat hom nie verheug oor die onreg nie, is opreg (regskape). Dis die liefde te midde van swakhede en mislukkings van mense. Dit beseft en erken dat alle mense swakhede het en wel soms faal. Dit verlustig hom nie in die swakhede en mislukkings van ’n ander nie. Hy verlekter hom nie wanneer ’n ander nie die mas opkom nie of selfs te gronde gaan nie. Inteendeel, opregtheid verheug hom inderwaarheid oor die vooruitgang wat ’n ander maak.

13:7

Vraag 11. Wat beteken: “die liefde bedek alles” (NLV verduur alles, NIV protects)?

Aantekening. Die liefde wat bedek en beskerm is die liefde vir onversigtige (roekelose) mense. Dit hou elke vorm van kwaad weg van andere. Dit is verdraagsaam en bly stil oor wat ook al onaangenaam is in andere. Dit bewaar die reputasie van andere en skinder nooit oor iemand anders nie.

13:7

Vraag 12. Wat beteken: “die liefde glo alles” (NLV dit bly steeds vertrou)?

Aantekening. Die liefde wat vertrou is die liefde vir agterdogtige (wantrouige) mense. Die mense wat invloed op jou uitoefen is die mense wat in jou glo. In ’n atmosfeer van agterdog verlep alles en almal, maar in ’n atmosfeer van vertrou blom mense. Sonder dat hulle dit beseft, dink sommige mense dat die motiewe en bedoelings van ander verkeerd is. Die liefde wat vertrou uitstraal het ’n hoë dunk van ander en dink positief van ander. Dis nie agterdogtig of wantrouig sonder enige grondige rede oor die bedoelings, woorde en optredes van ander nie. Dit stel homself bloot en kwesbaar want hy kan sonder vrees sy diepste gedagte en gevoelens oor sy eie probleme en swakhede met ’n ander deel. Natuurlik kan ander mense jou vertrou skend, maar sonder vertrou is liefde onmoontlik.

13:7

Vraag 13. Wat beteken: "die liefde hoop alles" (NLV dit hou aan met hoop)?

Aantekening. Die liefde wat hoop, is die liefde vir eiegeregtige mense. 'n Eiegeregtige mens dink dat hy altyd reg is en andere verkeerd is. Baie gou kom hy tot die gevolgtrekking dat al die ander mense verkeerd is en verwag hy ook nie dat hulle kan of sal verander nie. Nog erger: hy wil nie eers hê dat hulle verander nie, sodat hy altyd reg kan wees! Maar die liefde wat hoop gee nooit moed op dat 'n ander kan verander nie, maar verwag dat God in hom werk en hom verander. Die liefde wat hoop beskou geen enkele mens of situasie as hopeloos nie, maar verwag dat God sy allerbeste plan ook vir hierdie mens deur hierdie moeilikhede heen kan bereik.

13:7

Vraag 14. Wat beteken: "die liefde verdra alles" (NLV die liefde verduur alles, NIV always perseveres)?

Aantekening. Die liefde wat volhard (aanhou), is die liefde wat gemeet word in tyd. Hy volhard om te doen wat goed en reg is in God se oë. Hy gee nooit op in die wedloop van geloof, liefde en hoop nie. Hy dra sonder ophou vrug in God se Koninkryk. Die liefde wat volhard, vat gewoon geen blaaskans nie. Liefde is nie 'n gier net vir 'n oomblik nie, maar is elke moment van die lewe die wesenlike krag van 'n Christen.

13:8

Vraag 15. Wat beteken "die liefde vergaan nooit nie" (NIV never fails)?

Aantekening. Die liefde wat nie vergaan nie, is die samevatting van die liefde. Die liefde hou altyd stand. Die liefde is altyd beskikbaar. Die liefde gaan maar steeds voort om 'n goeie invloed te hê. Die liefde bevredig altyd ten diepste diegene wat dit besit. Die liefde vergaan nooit nie, omdat God Self liefde is!

13:9-13

1 Korintiërs 13:9-13 word goed verduidelik in die Delta Plus studie 29: "Die genadegawes, veral van profesie en spreek in tale" (www.deltacursus.nl).

STAP 4. DOEN.

TOEPASSINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE GEDEELTE IS VAN TOEPASSING OP CHRISTENE VANDAG?

Deel en teken aan. Kom ons hou 'n dinkskrum en skryf moontlike toepassings van 1 Korintiërs 13:1-13 neer.

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS IN JOU LEWE?

Teken aan. Skryf hierdie persoonlike toepassing in jou notaboek. Neem die vrymoedigheid om jou persoonlike toepassing met andere te deel.

(Onthou dat die persone in elke groep verskillende waarhede sal toepas of selfs ander toepassings sal maak van die dieselfde waarheid. Die volgende is a lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit 1 Korintiërs 13:1-13.

- 13:1. Lê jou toe op die liefde in plaas van om te strew na bepaalde genadegawes.
- 13:1-3. Laat die liefde heers in jou gesprekke, gawes en offers wat jy bring.
- 13:4. Wees geduldig met jou eggenoot en kinders. Verdra moeilikhede en pyn sonder irritasie of wrewel.
- 13:4. Wees vriendelik teenoor alle mense wat jy teëkom en kyk of daar 'n manier is hoe jy hulle kan help.
- 13:4. Wees gulhartig (vrygewig). Respekteer ander se besittings en waardeer hulle vaardighede en prestasies.
- 13:4. Wees beskeie oor jou eie verdienstes en prestasies.
- 13:4. Wees nederig. Moenie arrogant jouself wil handhaaf nie. Moenie dominerend wees of ander verkleineer nie.
- 13:5. Wees beleefd. Ontwikkel goeie maniere en takt in elk situasie.
- 13:5. Wees onselfsugtig. Soek nie altyd jou eie belang nie, maar bevorder God se Koninkryk.
- 13:5. Wees sagmoedig. Raak ontslae van 'n slegte humeur. Moenie gou dinge persoonlik opneem nie.
- 13:5. Wees vergewensgesind teenoor mense wat jou veronreg het, net soos God jou vergewe het.
- 13:6. Wees opreg. Moenie bly wees as andere val en misluk nie, maar wees bly as hulle vooruitgaan.
- 13:7. Beskerm die reputasie van andere. Moenie skinder of laster nie.
- 13:7. Skenk vertroue aan mense. Moet nooit sonder 'n grondige rede agterdogtig (wantrouend) wees oor die motiewe en bedoelings van mense nie.
- 13:7. Gee hoop. Moenie iemand opgee as hopeloos nie, maar verwag dat God in hom kan werk en hom kan verander.
- 13:7. Volhard. Hou nooit op om te doen wat goed is in God se oë nie.
- 13:8-13. Maak die liefde vir God, vir andere en vir jouself die belangrikste doel in jou lewe.

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit 1 Korintiërs 13:1-13.

Ek word geïrriteerd as my kinders nie onmiddellik doen wat ek sê nie. Daarom wil ek geduld en vriendelikheid teenoor hulle bly oefen.

Soms is ek agterdogtig oor iemand se motiewe. Daarom wil ek my oefen om vertrouwe oor te dra.

STAP 5. BID.

REAKSIE

MAAK BEURTE OM TE BID OOR EEN WAARHEID WAT GOD ONS GELEER HET in 1 Korintiërs 13:1-13.

(Reageer in jou gebed op wat jy persoonlik in hierdie Bybelstudie geleer het. Oefen om net een of twee sinne te bid. Onthou dat mense in elke groep oor verskillende sake sal bid.)

5	GEBED (8 minute)	<i>[VOORBIDDING]</i> BID VIR ANDER MENSE
---	------------------	---

Gaan voort om te bid in groepies van twee of drie. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	VOORBEREIDING (2 minute)	<i>[OPDRAGTE]</i> VIR DIE VOLGENDE LES
---	--------------------------	---

Deel die voorbereiding vir die volgende keer uit op 'n stukkie papier of laat die groepslede dit uitskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om 'n dissipel te wees en dissipels te maak. Verkondig, leer en bestudeer die Bybelstudie van 1 Korintiërs 13:1-13 met iemand anders of met 'n klein groepie mense.
2. Persoonlike tyd met God. Hou elke dag stiltetyd uit ongeveer 'n halwe hoofstuk van Handeling 1:1 – 4:22. Maak gebruik van die gunsteling waarheid metode. Maak aantekeninge.
3. Memorisering. Oordink die nuwe Bybelvers en leer dit uit jou kop. (1) Christus. 2 Korintiërs 5:17. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
4. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
5. Hou jou notas op datum. Sluit die notas oor aanbidding, stiltetyd, memorisering, Bybelstudie en hierdie voorbereiding in.